

Myns insiens het kandidate beter gevaar as in die verlede, moontlik vanweë die onderwerpe wat goed aangesluit het by die teikengroep(deeltydse kandidate).

Afdeling A : Lang skryfstukke

Die meeste kandidate het 1.1 en 1.2 aangepak. Die deeltydse kandidaat kies die bekende tipe, nl. die verhalende en soms ook die beskrywende opstel. Nie baie kandidate het 1.4 (feite-opstel) aangepak nie.

Daar is egter heelwat tekortkominge ten opsigte van die formaat van die lang skryfstuk. Die gebrek aan 'n treffende inleidingsparagraaf en gepaste slot doen baie kere afbreuk aan 'n redelike goeie poging. Saam hiermee is die gebruik van te lang sinne en onvoldoende parafering.

Hierdie aspek van die vraestel kan net verbeter indien die kandidate by die onderskeie sentrums genoegsame en gepaste oefeninge kry.

Afdeling B en C : Funksionele skryf

Die vraag in hierdie afdeling waarin die kandidate beter gevaar het, is 2.2. Kandidate kon oortuigend simpatiseer met brandslagoffers. Minder foute word begaan in die formaat van die informele brief. Die toespraak (2.4) en die koerantberig(2.3) was minder gewilde keuses by die deeltydse kandidate.

Diegene wat wel gepoog het om 2.3 en 2.4 aan te pak, sukkel met die formaat en die regte toon van die tipe skryfstukke.

Afdeling D: Kreatiewe respons

Te veel kandidate los die afdeling uit of skryf oor detail buite die konteks van die kortverhaal. Alhoewel heelwat meer kandidate beter punte in hierdie afdeling kon kry, is daar nog te veel wat die eksamen aanpak om voor te berei vir dié aspek van die vraestel.

Opvoeders wat gemoeid is met die voorbereiding van die deeltydse kandidate kan met vrug gebruik maak van die vorige jare se vraestelle sodat kandidate blootgestel kan word aan die verskillende tipes kreatiewe responsvrae. Vir SG word hoofsaaklik net die inhoud in kreatiewe responsformaat getoets.